
## „Terug na Oerwoud"

# BEATLES, KIWI'S MAAK DE KLERK BANG

**'N MENS word bang vir „'n terugkeer na die oerwoud" as jy kyk na „sulke waansinnige sosiale verskynsels soos toiingrige beatniks, Beatles, blêrkaste, Silberstein-vakansies en bostuklose baaiklere", het sen. Jan de Klerk, Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, gister op Upigton gesê.**



*MIN. DE KLERK*

Die Minister het die Hoër Tegniese en Handelskool amptelik geopen. Hy was vergesel van sy eggenote en die Sekretaris van die departement, dr. J. J. P. Op't Hof.

Daar is te veel jong mense wat onder die wanindruk verkeer dat 'n mens se opvoeding en selfs sy formele onderrig ophou die dag wanneer hy die skool verlaat, het die Minister gesê.

„Dis ons opvoedkundige taak om nie slegs beroepsopleiding te verskaf nie, maar ook om ons jong mense in te lei in die heerlike wêreld van ons volksgeskiedenis, van ons Westerse beskawing, van ons kultuur en om hulle 'n begrip te gee van die geestesgoedere wat 'n mens 'n kultuurmens maak en 'n volk 'n karakter en eie aard gee.

„Ons moet vir hulle die deure na opheffende leesstof, klassieke musiek en ander kunsvorms, sowel as die wêreld van die wetenskap, ontsluit en die lewenstandaard help vaslê wat in opstand sal kom teen sulke waansinnige sosiale verskynsels soos toiingrige beatniks, Beatles, blêrkaste, Silberstein-vakansies en bostuklose baaiklere.

### RONDSPRINGERY

„As ons die spulletjie so bekyk, dan word 'n mens bang vir 'n terugkeer na die oerwoud, en dan sien ons die taak van die opvoeding in sy grootste verantwoordelikheid. Dit is dan dat die noodsaaklikheid van walgooi teen hierdie verderflike invloede opdoem soos 'n ysberg in 'n maanlignag en die vraag ontstaan hoe dit moet en kan gedoen word. Ek glo dat dit deur die skool en deur die beste opvoedkundige instrument van almal, die ouerhuis, gedoen kan word."

Min. De Klerk het gesê ongeduld en oorhaas is die oorwegende swakheid van vandag se jeug, veral ten opsigte van stoflike vergoeding vir hul dienste. Dit gebeur al te dikwels dat jong mense klakkeloos van een betrekking na 'n ander of sinneloos van een beroep na 'n ander spring ter wille van onmiddellike geldelike gewin, maar tot nadeel van hul uiteindelike bestemming.

Die tragiek van die hedendaagse jeug lê vir hom daarin dat nasietrots by baie van hulle ontbreek vanweë die ongelukkige feit dat hulle nie genoeg kennis dra van ons volk se historiese agtergrond nie. Hy is dankbaar dat daar in ons skoolwese 'n wending is na deegliker onderrig in die geskiedenis, het die Minister gesê.